

KIXPIRASIE KWARTAAL 4 2021

Bergklim of Admin?

Gesels saam: As jy vandag iets wat jy nog altyd wou gedoen het, sou kon aanpak, wat sou dit wees?

Storie: Daar was twee vrouens wat albei 70 jaar oud geword het. Die een het besef haar lewe is besig om tot 'n einde te kom en sy moet al haar administrasie in orde kry. Die ander een het dit gesien as 'n geleentheid om verder te groei en het besluit dat bergklim 'n goeie sport is om op hierdie ouderdom te begin. Vir 25 jaar lank het Hulda Crooks hierdie nuwe avontuur in haar lewe aangepak en is sy tot vandag toe die oudste vrou wat *Mount Fuji* geklim het!

Lees Johannes 16:33 saam: "Ek sê hierdie dinge vir julle sodat julle in My rus en vrede kan vind. In die wêreld sal julle swaarkry beleef, maar skep moed: Ek het die wêreld reeds oorwin."

Baie dankie dat jy hierdie jaar steeds soos Hulda Crooks was en in hierdie moeilike tyd geleenthede raakgesien het om voort te gaan met KIX. In situasies het ons altyd twee keuses: Om te dink soos die 70-jarige vrou wat gereed gemaak het om te sterf, of te dink soos Hulda, wat 'n geleentheid raakgesien het om te groei deur te begin bergklim. Die Here spoor ons aan in sy Woord deur vir ons te herinner dat ons nie moet moed opgee nie, want Hy het reeds die wêreld oorwin. Die keuse is joune: dood of lewe / hoop of wanhoop / vertrouwe of wantroue / positief wees of negatief wees...

Deel die volgende met mekaar:

- Wat was jou uitdagings / verliese in 2021?
- Met watter een van die 70-jarige vrouens identifiseer jy?
- Wat was jou bergklim-oomblikke in 2021?
- Hoe het jy God ervaar in hierdie jaar?
- Daag jouself uit met 'n bergklimkeuse: Is daar iets wat jy graag nog wil doen? Waar gaan jy begin?

Sluit af deur vir mekaar se bergklimkeuses te bid.